

Lekkerbekkie Nuusbrief

18 MAART 2015 | UITGAWE 92



Inhoud:

- * Kinderstorie: Hoe Haas sy lang ore gekry het (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Muis-maniere
- * Inkleurprentjie: Hoe Haas sy lang ore gekry het

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Hoe Haas sy lang ore gekry het deur Corlie Putter

Een middag is Haas besig om wortels te steel in die boer se groentetuin. Hy eet vinnig en gulsig, want hy is bang die boer kom terug. Sy magie word al hoe groter en groter. Net toe hy klaar, stoot daar skielik 'n houpie grond hier reg voor hom op. Dit is Mol wat nou daar uitloer.

"Jy moet ophou om wortels te steel," sê Mol. "Een van die dae gaan die boer jou nog hier vang!"

Haas lag net en vryf oor sy vet magie. "Ek is nie bang vir die boer nie!" sê hy. Mol skud sy kop, maar dan rek sy ogies skielik baie groot. "PASOP!" roep hy en duik terug in sy gat in.

Haas kyk verskrik om, en sien die boer by die groentetuin se hekkie inkom! O alla! Wat maak hy nou? Voor jy kan dink spring hy kop eerste agter Mol by die gat in. Maar raai? Sy maag is te vet en hy sit vas! Sy kop is nou binne in die gat en sy pote is buite! "Help!" fluister Haas benoud. Mol gryp hom aan sy snorbaarde en trek vir al wat hy werd us. "EINA!" roep Haas kliphard uit.

Die boer hoor Haas se geskreeu en hy draf vinnig nader. Mol trek en trek aan Haas se snorbaarde, en net betyds glip Haas by die gat in! Die twee sit nou tjoepstil in die donker en luister. Boer soek orals, maar hy kry nie vir Haas nie.

"Dit was amper!" fluister Haas verlig. Nou probeer hy weer uit die gat kruip, maar hy kan nie! "Eers kan ek nie IN die gat in nie, en nou kan ek nie UIT die gat nie!" kla Haas. "Dis 'n simpel gat."

Mol sê maar liever niks. Hy krap sy koppie en dink aan 'n plan. Hy is nie lus om die heeldag na Haas se gekla te luister nie!

"Bly jy net hier en dan kruip ek by die anderkant van die tunnel uit," sê Mol. "Ek sal dan omdraf en jou uit die gat kom trek van die buitekant af."

"Jy trek net nie weer my snorbaarde nie," brom Haas. "Dit was te seer!"

Vinnig kruip Mol uit die tunnel en draf oor die gras tot waar Haas se kop by die gat uitsteek. Hierdie keer gryp hy Haas se ore stewig vas, trap vas teen die grond, en TREK! Na die derde trek... trek Mol vir Haas uit die gat uit.

"Dankie tog!" roep Haas, en stof hom af. Maar Mol staar nou grootoog na Haas. Haas se twee ore is nou baie lank uitgerek! Hy wonder of hy iets moet sê?

Haas vryf aan sy ore, maar kom niks agter nie. "Dankie en totsiens!" groet hy en kies die hasepad terug huis toe. En dit is hoe Haas sy lang ore gekry het.

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produkt van die week

Muis-maniere

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Ons Storiekaarte is baie gewild, en hierdie week verskyn die vyfde stel Storiekaarte, "Muis-maniere", in Afrikaans en Engels ("Mouse Manners")! Die pak bevat vyf oulike muis-stories met kleurvolle illustrasies - elk op 'n A4 kaart. Dis ideaal vir voorlees voor slaaptyd, of vir ons beginner-lesertjies wat nog nie lang stories kan lees nie. Kry jou "Muis Maniere" storiekaarte voor 23 Maart by enige AnnaEmm agent vir slegs R59 (gewone prys R65) – of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.


Splinternuwe Storiekaarte!

Vyf muis-stories vir voorlees óf self lees - Afrikaans of Engels!



Stories in die pak:

1. Die stinkerige seerower-muis
2. Dokter Muis en sy vrou
3. Esmerelda Muis in die kombuis
4. Mamma Muis se af dag
5. Muis Majoor



Ook
in
Engels!

Spesiale aanbod:
Koop Muis-maniere
slegs @ R59

Gewone prys R65 | Aanbod sluit 23 Maart

Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area!


Aanbod sluit 23 Maart 2015.

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Hoe Haas sy lang ore gekry het illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za